**<u>IN DIE HOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAAT PROVINSIAL AFDELING)**

Hersiening Nr: 98/2006

In die saak tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>PAKISHO JOHN MOTAUNG</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** C.J. MUSI, J *et* MATHEBULA, AJ

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** C.J. MUSI, R

---

**<u>DATUM GELEWER:</u>** 6 APRIL 2006

---

[1] Die beskuldigde is aanvanklik op 29/08/2005 deur die landdros, Botshabelo skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Hy is tot 30 maande gevangenisstraf gevonnis. Op hersiening is daardie skuldig bevinding en vonnis tersyde gestel. Die saak is na die landdros terug verwys met 'n versoek dat hy die beskuldigde verder ondervra. Nadat die landdros aan hierdie versoek voldoen het, het hy weer die beskuldigde skuldig bevind en hom weer tot 30 maande gevangenisstraf gevonnis. Hy het

voorts bevel dat die vonnis *"word geag opgelê te wees op 29/08/2005."* Aangesien hierdie beveel op 'n terugdatering van die vonnis neerkom het ek 'n navraag aan die landdros gerig waarin ek hom gevra het of hy wel die vonnis mag terugdateer. Die landdros het redes verskaf en is hy van mening dat hy wel so 'n bevel mag maak.

[2] Die landdros voer aan dat hy van die bepalings van artikel 282 van Wet 51/1977 (die Wet) gebruik gemaak het. Hy voer aan dat hy steun vind vir sy optrede in Hiemstra, Suid Afrikaanse Strafproses (sesde uitgawe) deur Kriegler en Kruger te bladsy 722 en 723 en in die saak van **S v Seekoei** 1997 (1) A 11 SA 40 (NK) te 48 e.

[3] Artikel 282 van die Wet lees as volg:

> "Wanneer 'n vonnis van gevangenisstraf, wat iemand by skuldigbevinding aan 'n misdryf opgelê is, op appèl of hersiening tersyde gestel word en bedoelde persoon daarna 'n vonnis van gevangenisstraf in die plek van die vonnis van gevangenisstraf wat by skuldigbevinding opgelê is, ten opsigte van daardie misdryf, of enige ander misdryf wat daardie misdryf op appèl of hersiening vervang, opgelê word, kan die vonnis wat later opgelê word, indien die hof wat dit oplê oortuig is dat die betrokke persoon 'n gedeelte van die vonnis

> van gevangenisstraf wat by skuldigbevinding opgelê is, uitgedien het, deur die hof teruggedateer word na 'n bepaalde datum, wat nie vroeër is as die datum waarop die vonnis van gevangenisstraf wat die skuldigbevinding opgelê is, opgelê is nie, en daarop word die vonnis wat later opgelê is, geag op die aldus bepaalde datum opgelê te gewees het. "

Hierdie artikel is in **S v Seekoei** *supra* onder die loep geneem. Die feite van die Seekoei saak is presies dieselfde soos die feite van hierdie saak behalwe dat die termyn van gevangenisstraf wat opgelê was verskil. Buys J het in Seekoei tot die slotsom gekom dat 'n hof van eerste instansie wel die bevoegdheid het om 'n vonnis terug te dateer mits die aanvanklike vonnis tersyde gestel is en die saak terug verwys is na daardie hof om vonnis te heroorweeg. Buys R het egter, korrek na my mening, tot die slotsom gekom dat die artikel nie aanmending vind waar die skuldigbevinding ook tersyde gestel was nie. Hy druk himself as volg uit:

> "Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat artikel 282 van die strafproseswet nie van toepassing is waar die skuldigbevinding deur die hof op hersiening of appèl tersyde gestel word en die

> saak na die verhoorhof terugverwys word vir ‘n voortsetting van die verrigtinge nie.”

Seekoei ibid te 48 b-c. Sien ook **S v Mgedezi and Others** 1989 (1) SA 687 (A) te 716 G – 717 B. Ek stem volkome saam met hierdie gevolgtrekking. Die landdros se verwysing na bladsy 48e is total en al verkeerd want teenoor daardie gedeelte word slegs daarop gewys dat die nie – toepaslikheid van artikel 282 in ‘n geval soos hierdie ‘n leemte in die wet is.

[4] In Hiemstra *supra* bladsy 723 huldig die skrywers die mening dat

> “waar ‘n skuldigbevinding of vonnis op hersiening of appèl tersyde gestel word, kan die terugdatering van die vonnis gedoen word deur die hoer hof of die hof waarheen die saak terugverwys is (S v Seekoei 1997 (1) A 11 SA 40 (NK)).”

Hierdie stelling moet in konteks gelees word. Die hof van eerste instansie sal slegs die bevoegdeheid het om die vonnis terug te dateer indien die aanvanklike skuldigbevinding op hersiening of appèl vervang is deur ‘n ander skuldigbevinding deur die hof van appèl of hersiening.

Dit geld nie in gevalle waar die skuldigbevinding en vonnis tersyde gestel is en die saak na die hof a quo terugverwys is met 'n opdrag om verdere ondervraging te doen of om verdere getuienis te ontvang nie.

[5] Die landdros het derhalwe nie die bevoegdheid gehad om so 'n bevel te maak nie. Daardie bevel moet dus tersyde gestel word.

[6] Omdat die tersydestelling van die bevel beteken dat die beskuldigde nou 30 maande gevangenisstraf moet uitdien vanaf die nuwe vonnis datum sal dit onbillike gevolge hê. Die eerste tydperk wat hy uitgedien het moet in berekening gebring word. Om die saak weereens terug te verwys sal ook die beskuldigde onnodiglik benadeel.

[7] Die beskuldigde is 19 jaar oud, getroud en werkloos. Sy vrou is swanger. Hy het tot standerd 9 op skool gevorder. Hy het twee vorige veroordelings van aanranding met die opset om ernstig te beseer wat albei op 12/11/1997 gepleeg is.

[8] Ek is dit eens met die landdros dat huisbraak met die opset om te steel en diefstal 'n baie ernstige misdaad is. Die landdros herhaal dan sy rympie – wat hy in verskeie navrae noem met betrekking tot beleggersvertoue, persone wat hierdie land verlaat om elders 'n veiliger heenkome te vind en dat mense hulle dag en nag agter tralies en ysterhekke moet verskan, want as jy jou mens uitsteek, word jy verkrag, vermoor of beroof. Hierdie is 'n ongelukkige veralgemening sonder enige empiriese basis. Dit is 'n mistasting. Mense –

kundiges en onkundiges – verlaat hierdie land om verskeie redes. So ook vestig mense – kundiges en onkundiges – hulle om verskeie redes in hierdie land. Die landdros het duidelik die erns van die misdaad oor trakteer. Na my mening is 'n vonnis van 30 maande gevangenisstrag vir 'n jong, getroude man waar al die goedere teruggevind is onvanpas.

[9] **In die omstandighede word die volgende bevel gemaak:**

i) **Die skuldigbevinding word bekragtig.**

ii) **Die vonnis word tersyde gestel en vervang deur die volgende vonnis:**

**18 maande gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan huisbraak met die opset om 'n misdryf te pleeg of diefstal gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.**

**Die vonnis word terugdateer na 29 Augustus 2005.**

**C.J. MUSI, J**

Ek stem saam

**MATHEBULA, AJ**